REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

Staatskoerant
Government Gazette

Verkoopprys • Selling price
(AVB uitgesluit/GST excluded)
Plaaslik **45c** Local
Buitelands **60c** Other countries
Posvry • Post free

As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer

Registered at the Post Office as a Newspaper

Vol. 246 PRETORIA, 10 DESEMBER / DECEMBER 1985 No. 10040

GOEWERMENTSKENNISGEWING

MINISTERIE VAN WET EN ORDE

No. 2787 **10 Desember 1985**

OORHANDIGING VAN WAPENS EN AMMUNISIE WAT IN STRYD MET DIE WET BESIT WORD

Kragtens die bevoegdheid my verleen ingevolge artikel 10A van die Wet op Wapens en Ammunisie, 1969 (Wet 75 van 1969), bepaal ek, Louis le Grange, Minister van Wet en Orde, dat enigiemand wat wapens of ammunisie onwettig besit en daardie wapens of ammunisie by enige polisiestasie of aan enige polisiebeampte oorhandig, gedurende die tydperk 10 Desember 1985 tot 28 Februarie 1986, nie vervolg sal word weens die onwettige besit van daardie wapens of ammunisie of weens 'n misdryf met betrekking tot die verlies, diefstal of vernietiging daarvan nie. Daar kan terselfdertyd in gepaste gevalle aansoek gedoen word om lisensies om die wapens te besit.

Aldus geteken te Pretoria hierdie 6de dag van Desember 1985.

L. LE GRANGE,
Minister van Wet en Orde.

GOVERNMENT NOTICE

MINISTRY OF LAW AND ORDER

No. 2787 **10 December 1985**

SURRENDER OF ARMS AND AMMUNITION HELD CONTRARY TO THE ACT

By virtue of the powers granted to me under section 10A of the Arms and Ammunition Act, 1969 (Act 75 of 1969), I, Louis le Grange, Minister of Law and Order, declare that anybody who illegally possesses arms or ammunition and who surrenders such arms or ammunition at any police station or to any police official during the period 10 December 1985 to 28 February 1986, will not be prosecuted for the illegal possession or for any offence with relation to the loss, theft or destruction thereof. At the same time application for licences to possess such arms may be applied for in appropriate cases.

Signed at Pretoria this 6th day of December 1985.

L. LE GRANGE,
Minister of Law and Order.

No. 2801 **20 Desember 1985**

WET OP VREEMDELINGE, 1937

VANSVERANDERING.—VISAGIE IN DUKE

Dit het die Minister van Binnelandse Sake behaag om, kragtens die bepalings van artikel 9 van die Wet op Vreemdelinge, 1937 (Wet 1 van 1937), Penelope Anne Visagie, woonagtig te Marlenewoonstelle 4, hoek van Abel- en Tudhopelaan, Berea, Johannesburg, te magtig om die van Duke aan te neem.

No. 2802 **20 Desember 1985**

WET OP VREEMDELINGE, 1937

VANSVERANDERING.—GANESH IN NAICKER

Dit het die Minister van Binnelandse Sake behaag om, kragtens die bepalings van artikel 9 van die Wet op Vreemdelinge, 1937 (Wet 1 van 1937), Poonamalan Ganesh en sy kind Prishalan Ganesh, woonagtig te Weg 716, Nommer 4, Chatsworth, te magtig om die van Naicker aan te neem.

DEPARTEMENT VAN BUITELANDSE SAKE

No. 2791 **20 Desember 1985**

ERKENNING VERLEEN AS KONSUL

Hierby word bekendgemaak dat aan mnr. Mhlopi William Jemsana met ingang van 1 Oktober 1985 erkenning verleen is as Konsul van die Republiek Ciskei in Port Elizabeth met daardie gedeelte van die Provinsie Kaap die Goeie Hoop ten ooste van en met inbegrip van die landdrosdistrikte Venterstad, Steynsburg, Hofmeyr, Cradock, Pearston, Somerset-Oos, Kirkwood, Uitenhage, Hankey en Humansdorp, as sy regsgebied. Mnr. Jemsana is die opvolger van mnr. Z. A. Lamani.

(72/242/4)

No. 2792 **20 Desember 1985**

ERKENNING VERLEEN AS VISE-KONSUL (HANDEL)

Hierby word bekendgemaak dat aan mnr. Roger James Davies met ingang van 15 Junie 1985 erkenning verleen is as Vise-konsul (Handel) van die Verenigde Koninkryk van Groot-Brittanje en Noord-Ierland in Johannesburg met die provinsies Transvaal, die Oranje-Vrystaat, Natal en daardie deel van die Kaap die Goeie Hoop ten noorde van en met uitsondering van die landdrosdistrikte Philipstown, Britstown, Victoria-Wes, Carnarvon, Kenhardt en Gordonia, as sy regsgebied. Mnr. Davies is die opvolger van mnr. L. J. Friston.

(72/20/4)

No. 2793 **20 Desember 1985**

ERKENNING VERLEEN AS VISE-KONSUL

Hierby word bekendgemaak dat aan mnr. Xavier Dillemann met ingang van 1 November 1985 erkenning verleen is as Vise-Konsul van Frankryk in Johannesburg met die provinsies Transvaal, die Oranje-Vrystaat en Natal as sy regsgebied. Mnr. Dillemann is die opvolger van mev. A. Roux.

(72/30/2)

No. 2801 **20 December 1985**

ALIENS ACT, 1937

CHANGE OF SURNAME.—VISAGIE TO DUKE

The Minister of Home Affairs has been pleased under the provisions of section 9 of the Aliens Act, 1937 (Act 1 of 1937), to authorise Penelope Anne Visagie, residing at 4 Marlene Mansions, c/o Abel and Tudhope Avenues, Berea, Johannesburg, to assume the surname of Duke.

No. 2802 **20 December 1985**

ALIENS ACT, 1937

CHANGE OF SURNAME.—GANESH TO NAICKER

The Minister of Home Affairs has been pleased under the provisions of section 9 of the Aliens Act, 1937 (Act 1 of 1937), to authorise Poonamalan Ganesh and his child Prishalan Ganesh, residing at 4 Road 716, Chatsworth, to assume the surname of Naicker.

DEPARTMENT OF FOREIGN AFFAIRS

No. 2791 **20 December 1985**

RECOGNITION GRANTED AS CONSUL

It is hereby notified that, with effect from 1 October 1985, recognition has been granted to Mr Mhlopi William Jemsana as Consul of the Republic of Ciskei in Port Elizabeth with, as his area of jurisdiction, that Portion of the Province of the Cape of Good Hope to the east of and including the magisterial districts of Venterstad, Steynsburg, Hofmeyr, Cradock, Pearston, Somerset East, Kirkwood, Uitenhage, Hankey and Humansdorp. Mr Jemsana is the successor to Mr Z. A. Lamani.

(72/242/4)

No. 2792 **20 December 1985**

RECOGNITION GRANTED AS VICE-CONSUL (COMMERCIAL)

It is hereby notified that, with effect from 15 June 1985, recognition has been granted to Mr Roger James Davies as Vice-Consul (Commercial) of the United Kingdom of Great Britain and Northern Ireland in Johannesburg with, as his area of jurisdiction, the Provinces of Transvaal, the Orange Free State, Natal, and that Portion of the Cape of Good Hope to the north of and excluding the magisterial districts of Philipstown, Britstown, Victoria West, Carnarvon, Kenhardt and Gordonia. Mr Davies is the successor to Mr L. J. Friston.

(72/20/4)

No. 2793 **20 December 1985**

RECOGNITION GRANTED AS VICE-CONSUL

It is hereby notified that, with effect from 1 November 1985, recognition has been granted to Mr Xavier Dillemann as Vice-Consul of France in Johannesburg with the Provinces of the Transvaal, the Orange Free State and Natal as his area of jurisdiction. Mr Dillemann is the successor to Mrs A. Roux.

(72/30/2)

DEPARTEMENT VAN HANDEL EN NYWERHEID

No. 2812 **20 Desember 1985**

WET OP STANDAARDE, 1982

VERPLIGTE SPESIFIKASIE VIR KATEGORIE O_1- EN O_2-VOERTUIE (WOONWAENS EN LIGTE SLEEPWAENS)

Op aanbeveling van die Raad van die Suid-Afrikaanse Buro vir Standaarde en kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 16 (1) van die Wet op Standaarde, 1982 (Wet 30 van 1982), verklaar ek, Kent Diederich Skelton Durr, Adjunk-minister van Finansies en van Handel en Nywerheid, handelende namens die Minister van Handel en Nywerheid, hierby die spesifikasie in die Bylae vervat tot verpligte spesifikasie vir Kategorie O_1- en O_2-voertuie (woonwaens en ligte sleepwaens).

Die verpligte spesifikasie tree in werking op 'n datum twee maande na publikasie van hierdie kennisgewing.

K. D. S. DURR,

Adjunk-minister van Finansies en van Handel en Nywerheid.

BYLAE

SUID-AFRIKAANSE BURO VIR STANDAARDE VERPLIGTE SPESIFIKASIE VIR KATEGORIE O_1- EN O_2-VOERTUIE (WOONWAENS EN LIGTE SLEEPWAENS)

1. BESTEK.

1.1 Hierdie spesifikasie dek die vereistes vir nuwe Kategorie O_1- en O_2-voertuie wat ontwerp of aangepas is vir gebruik op 'n openbare pad.

1.2 Die vereistes van die spesifikasie geld, in soverre dit die dele betref wat reeds ingelyf is, ten opsigte van 'n onvolledige voertuig wat vir verdere vervaardiging deur een fabrikant aan 'n ander gelewer word en die spesifikasie geld in sy geheel vir die voertuig nadat dit deur die laasgenoemde fabrikant voltooi is.

1.3 Die spesifikasie geld nie ten opsigte van eksperimentele of prototipe voertuie wat vir toets-, beoordelings- of ontwikkelingsdoeleindes gebou word of ten opsigte van landboutrekkers wat nie op openbare paaie gebruik word nie.

1.4 Die toepaslike vereistes van die spesifikasie wat op 'n gespesifiseerde datum in werking tree, geld nie ten opsigte van voertuie wat voor dié datum vervaardig of ingevoer is nie.

Opmerking: In gevalle waar 'n SABS-spesifikasie deur verwysing by hierdie spesifikasie ingelyf is, geld sodanige inlywing ten opsigte van die basiese vereistes vir die kommoditeit soos in die ingelyfde spesifikasie aangegee, maar nie ten opsigte van monsternemingsprosedures en ander konsepte en riglyne wat nie by die toepassing van hierdie spesifikasie ter sake is nie.

2. WOORDBEPALING.

2.1 Die volgende woordbepalings geld vir die doel van hierdie spesifikasie:

Aseenheid. 'n Eenheid wat bestaan uit twee of meer kortgekoppelde parallelle asse wat onderling met mekaar verbind is: Met dien verstande dat aanliggende parallelle asse wat nie meer as 1,2 m van mekaar af is nie, vir die doel van die bepaling van agteroorstek as 'n aseenheid beskou word.

Effenaar. 'n Toestel wat tussen die sleepvoertuig en 'n sleepwa aangebring word en wat ontwerp is om die vertikale las wat deur die sleepwa op die bolkoppeling uitgeoefen word, te verminder en om las op die voor- en agterasse

DEPARTMENT OF TRADE AND INDUSTRY

No. 2812 **20 December 1985**

STANDARDS ACT, 1982

COMPULSORY SPECIFICATION FOR CATEGORY O_1 AND O_2 VEHICLES (CARAVANS AND LIGHT TRAILERS)

On the recommendation of the Council of the South African Bureau of Standards and under the powers vested in me by section 16 (1) of the Standards Act, 1982 (Act 30 of 1982), I, Kent Diederich Skelton Durr, Deputy Minister of Finance and of Trade and Industry, acting on behalf of the Minister of Trade and Industry, hereby declare the specification contained in the Schedule to be a compulsory specification for Category O_1 and O_2 vehicles (caravans and light trailers).

The compulsory specification shall become operative on a date two months after publication of this notice.

K. D. S. DURR,

Deputy Minister of Finance and of Trade and Industry.

SCHEDULE

SOUTH AFRICAN BUREAU OF STANDARDS COMPULSORY SPECIFICATION FOR CATEGORY O_1 AND O_2 VEHICLES (CARAVANS AND LIGHT TRAILERS)

1. SCOPE.

1.1 This specification covers the requirements for new Category O_1 and O_2 vehicles designed or adapted for operation on a public road.

1.2 The requirements of the specification shall, in so far as the parts already incorporated are concerned, apply in respect of an incomplete vehicle supplied for further manufacture by one manufacturer to another and the entire specification shall apply to the vehicle after completion thereof by the last-mentioned manufacturer.

1.3 The specification shall not apply to experimental or to proto-type vehicles constructed for the purpose of testing, assessment or development, or to agricultural trailers not used on public roads.

1.4 The relevant requirements of the specification taking effect on any specified date, shall not apply to vehicles manufactured or imported before that date.

Note: Where an SABS specification is incorporated by reference into this specification, such incorporation relates to the basic requirements for the commodity as stated in the incorporated specification, but not to sampling procedures and other concepts and derectives not material to the application of this specification.

2. DEFINITIONS.

2.1 For the purposes of this specification the following definitions shall apply:

Axle unit. A unit consisting of two or more close-coupled and interconnected parallel axles: Provided that any adjacent parallel axles not more than 1,2 m apart shall be considered as an axle unit for the purpose of determining the rear overhang.

Caravan. A trailer that provides mobile living accommodation and that has a gross vehicle mass not exceeding 1,8 ton.

van die voertuigkombinasie oor te dra. Die toestel is gewoonlik in die vorm van 'n paar vere, een aan elke kant van die trekstang, wat na onder gebuig is en wat boontoe styf getrek word wanneer dit aan die sleepvoertuig gekoppel word.

Fabrikant. Die persoon wat 'n nuwe Kategorie O-voertuig vervaardig, produseer, monteer, verander, modifiseer of ombou, en "vervaardig" het 'n ooreenstemmende betekenis.

Kategorie O_1-voertuig, hierna sleepwa genoem. 'n Sleepwa, met inbegrip van 'n leunwa, wat 'n maksimum massa van hoogstens 750 kg het.

Kategorie O_2-voertuig, hierna sleepwa genoem. 'n Sleepwa, met inbegrip van 'n leunwa, wat 'n maksimum massa van meer as 750 kg maar hoogstens 3,5 ton het.

Leunwa. 'n Sleepwa met een as of aseenheid, wat ontwerp is om op so 'n wyse aan 'n sleepvoertuig gekoppel te word dat minstens 15 % van die tarra van die sleepwa deur die sleepvoertuig gedra word.

Openbare pad. 'n Pad, straat of deurgang, met inbegrip van die kantstroke, of enige ander plek, hetsy 'n deurgang al dan nie, waartoe die publiek of dele van die publiek toegangsreg het en wat hulle algemeen gebruik.

Sleepwa. 'n Voertuig wat nie selfgedrewe is nie en wat ontwerp of aangepas is om op so 'n wyse agter aan 'n sleepvoertuig gekoppel te word dat geen beduidende deel van die massa daarvan deur die sleepvoertuig gedra word nie.

Stabiliseerder. 'n Toestel wat tussen die sleepvoertuig en 'n sleepwa aangebring word en wat ontwerp is om sydelingse ossillasies (slingering) of vertikale ossillasies (galopbeweging), of kombinasies hiervan, van die voertuigkombinasie te verminder of te demp. Die toestel is gewoonlik in die vorm van 'n wrywings- of hidrouliese dempmiddel in òf die horisontale vlak òf die vertikale vlak, of 'n kombinasie van albei, en kan soms by 'n effenaar ingesluit wees.

Woonwa. 'n Sleepwa wat mobiele huisvesting bied en wat 'n bruto voertuigmassa van hoogstens 1,8 ton het.

3. ALGEMENE VEREISTES

3.1 VEREISTES VIR LIGTE EN VERLIGTINGSUITRUSTING EN AGTERWAARSKUWINGSTEKENS

3.1.1 *Ligte en verligtingsuitrusting*. Ligte en verligtingsuitrusting moet op 'n sleepwa aangebring wees en moet voldoen aan die toepaslike vereistes van SABS SV 1046-1980 'Motorvoertuigveiligheidspesifikasie vir ligte', soos by Goewermentskennisgewing 463 van 9 Julie 1982 gepubliseer: Met dien verstande dat—

(a) daar aan die vereistes vir die installering van agterste trukaatsers, soos in onderafdeling 7.2 en Tabel 14 van genoemde SABS SV 1046 aangegee, voldoen kan word deur die gebruik en aanbring van agterliglense wat trukaatsers insluit wat 'n integrerende deel van die lense is en wat aan al die ander vereistes vir trukaatsers voldoen; en

(b) die spesifieke vereistes van genoemde SABS SV 1046 soos uiteengesit in

(1) onderafdeling 3.6 'ALGEMENE VEREISTES' oor hindernisse vir die uitstraling van lig; en

(2) Tabel 13 'BUITELYNMERKLIGTE',

hiermee vir die doel van hierdie verpligte spesifikasie uitgesluit word.

3.1.2 *Agterwaarskuwingsteken*. 'n Agterwaarskuwingsteken moet op 'n sleepwa aangebring wees en moet voldoen aan die toepaslike vereistes wat in regulasie 61 van die betrokke Padverkeersordonnansie gespesifiseer is.

Category O_1 vehicle, hereinafter referred to as a trailer. A trailer, including a semi-trailer, having a maximum mass not exceeding 750 kg.

Category O_2 vehicles, hereinafter referred to as a trailer. A trailer, including a semi-trailer, having a maximum mass more than 750 kg but not more than 3,5 ton.

Equalizer. A device connected between the towing vehicle and a trailer, and designed to reduce the vertical load imposed on the ball coupling by the trailer and to transfer load to the front and rear axles of the vehicle combination. The device usually takes the form of a pair of downward curved springs, one on each side of the drawbar, that are tensioned upwards when coupled to the towing vehicle.

Manufacturer. The person who manufactures, produces, assembles, alters, modifies or converts a new Category O vehicle, and "manufacture" has a corresponding meaning.

Public road. A road, street or thoroughfare, including the verges, or any other place whether a thoroughfare or not, to which the public or sections of the public have the right of access and commonly use.

Semi-trailer. A trailer with one axle or axle unit, designed to be coupled to a towing vehicle in such a manner that at least 15 % of the tare of the trailer is borne by the towing vehicle.

Stabilizer. A device connected between the towing vehicle and a trailer, and designed to reduce or dampen any lateral (anti-snake) oscillations or vertical (anti-pitch) oscillations, or combinations thereof, of the vehicle combination. The device usually takes the form of a friction or hydraulic damping medium in either the horizontal plane or the vertical plane, or a combination of both, and may sometimes be incorporated with an equalizer.

Trailer. A vehicle that is not self-propelled and that is designed or adapted to be coupled behind a towing vehicle in such a manner that no substantial portion of its mass is borne by the towing vehicle.

3. GENERAL REQUIREMENTS.

3.1 REQUIREMENTS FOR LIGHTS AND LIGHTING EQUIPMENT, AND REAR WARNING SIGNS.

3.1.1 *Lights and lighting equipment*. Lights and lighting equipment shall be fitted to a trailer and shall comply with the relevant requirements given in SABS SV 1046-1980 'Motor vehicle safety specification for lighting' as published by Government Notice 463 of 9 July 1982: Provided that—

(a) the requirements for the installation of rear retro-reflectors, as given in subsection 7.2 and Table 14 of the said SABS SV 1046, may be met by the use and fitting of rear light lenses that incorporate rear retro-reflectors that are integral portions of the lenses and that meet all other requirements for retro-reflectors; and

(b) the specific requirements of the said SABS SV 1046 set out in

(1) subsection 3.6 'GENERAL REQUIREMENTS' on obstacles to the propagation of light; and

(2) Table 13 'END-OUTLINE MARKET LIGHTS'

are hereby excluded for the purposes of this compulsory specification.

3.1.2 Rear warning sign. A rear warning sign shall be fitted to a trailer and shall comply with the applicable requirements specified in regulation 61 of the relevant Provincial Road Traffic Ordinance.

3.2 VEREISTES VIR VENSTERS EN AFSKORTINGS. Afskortings van deursigtige materiaal en vensters wat in 'n sleepwa aangebring is, moet

(a) van veiligheidsglas wees wat voldoen aan die toepaslike vereistes van Standaardspesifikasie SABS 1191–1978 'Hoogs penetrasiebestande lamelveiligheidsglas vir voertuie', Standaardspesifikasie SABS 1192–1978 'Lamelveiligheidsglas vir voertuie' of Standaardspesifikasie SABS 1193–1978 'Getemperde veiligheidsglas vir voertuie', al hierdie spesifikasies soos by Goewermentskennisgewing 463 van 9 Julie 1982 gepubliseer; of

(b) van akriel- of polikarbonaatplastiekmateriaal wees.

3.3 VEREISTES VIR REMME EN REMMING. Remuitrusting moet op 'n sleepwa aangebring wees en moet voldoen aan die toepaslike vereistes van SABS SV 1051 'Motorvoertuigveiligheidspesifikasie vir remming', soos by Goewermentskennisgewing 463 van 9 Julie 1982 gepubliseer:

Deel I—1980 'Algemeen';

Deel II—1980 'Responsietyd van remtoestelle van voertuie wat van druklugremtoestelle voorsien is';

Deel III—1980 'Energiebronne en -reservoirs';

Deel IV—1980 'Veerremme'

Deel V—1980 'Parkeerremme: remsilindertipe met meganiese sluitwerking'; en

Deel VI—1980 'Verspreiding van remkrag en saambruikbaarheid van voertuie in kombinasie'.

Indien 'n sleepwa deur die fabrikant van 'n stabiliseerder of effenaar voorsien is, moet enige invloed wat dit kan hê in aanmerking geneem word wanneer die remstelsel getoets word.

3.4 VEREISTES VIR ELEKTRIESE VERBINDERS. 'n Sleepwa wat 'n elektriese stroombaan van 6 V of 12 V het, moet voorsien wees van die prop van 'n tipe 12N7- elektriese verbinder wat voldoen aan die toepaslike vereistes van Standaardspesifikasie SABS 1327–1981 'Elektriese verbinders vir sleep- en gesleepte voertuie', soos by Goewermentskennisgewing 463 van 9 Julie 1982 gepubliseer. Die kontakaansluiters van genoemde prop moet met die elektriese stroombaan verbind wees soos in Tabel 1 aangetoon.

TABEL 1.—VERBINDINGS VIR DIE PROP VAN 'N TIPE 12N7-VERBINDER

1	2	3
Kontak no.	Stroombaan	Voorkeurkleur vir aar
1	Linkerrigtingwyser en, waar dit aangebring is, flitsnoodligte	Geel
2	Agtermisligte (of kragtoevoer na woonwaens)	Blou
3	Gemeenskaplike terugleiding	Wit
4	Regterrigtingwyser en, waar dit aangebring is, flitsnoodligte	Groen
5	Regteragterposisie- en entbuitelynmerkligte en agterregistrasieplaatverligtingstoestel	Bruin
6	Stopligte	Rooi
7	Linkeragterposisie- en entbuitelynmerkligte en agterregistrasieplaatverligtingstoestel	Swart

Opmerkings:

(a) Indien kontak no. 2 vir agtermisligte gebruik word, moet 'n metaalplaat waarop die volgende besonderhede leesbaar gedruk of gestempel is, op blywende wyse op of langs die tipe 12N7-verbinderprop aangebring wees:

"Kontak no. 2—Agtermisligte".

(b) As die agterregistrasieplaat verlig word deur twee onafhanklike lampe, een deur kontak 5 en die ander deur kontak 7 gevoer, moet hulle so verbind wees dat geen lamp 'n gemeenskaplike verbinding met kontak 5 sowel as 7 het nie.

3.2 REQUIREMENTS FOR WINDOWS AND PARTITIONS. Partitions of transparent material and windows fitted to any trailer shall be

(a) of safety glass that complies with the relevant requirements given in Standard Specification SABS 1191-1978 'High penetration resistant laminated safety glass for vehicles', Standard Specification SABS 1192-1978 'Laminated safety glass for vehicles' or Standard Specification SABS 1193-1978

'Toughened safety glass for vehicles', all of these specifications as published by Government Notice 463 of 9 July 1982; or

(b) of acrylic or polycarbonate plastics material.

3.3 REQUIREMENTS FOR BRAKES AND BRAKING. Braking equipment shall be fitted to a trailer and shall comply with the relevant requirements given in SABS SV 1051 'Motor vehicle safety specification for braking' as published by Government Notice 463 of 9 July 1982:

Part I—1980 'General';

Part II—1980 'Response time of braking devices on vehicles fitted with compressed-air braking devices';

Part III—1980 'Energy sources and reservoirs';

Part IV—1980 'Spring brakes';

Part V—1980 'Parking brakes: Mechanically-locked brake cylinder (lock actuator) type'; and

Part VI—1980 'Distribution of braking effort and compatibility of vehicles in combination'.

Where a trailer is fitted with a stabilizer or an equalizer by the manufacturer, any effect of this shall be taken into account during tests of the braking system.

3.4 REQUIREMENTS FOR ELECTRICAL CONNECTORS. A trailer that has a 6 V or a 12 V electrical circuit shall be fitted with the plug of a Type 12N7 electrical connector that complies with the relevant requirements given in Standard Specification SABS 1327-1981 'Electrical connectors for towing and towed vehicles' as published by Government Notice 463 of 9 July 1982. The contact terminals of the said plug shall be attached to the electrical circuit as shown in Table 1.

TABLE 1.—CONNECTIONS FOR THE PLUG OF A TYPE 12N7 CONNECTOR

1	2	3
Contact No.	Circuit	Preferred core colour
1	Left-hand direction indicator and, where fitted, flashing emergency lights	Yellow
2	Rear fog lights (or power supply to caravans)	Blue
3	Common return	White
4	Right-hand direction indicator and, where fitted, flashing emergency lights	Green
5	Right-hand rear position and end-outline marker lights and rear registration-plate illuminating device	Brown
6	Stop lights	Red
7	Left hand rear position and end-outline marker lights, and rear registration-plate illuminating device	Black

Notes:

(a) If contact No. 2 is utilized for rear fog lights, then a metal plate shall be permanently affixed on, or adjacent to, the Type 12N7 connector plug and the plate shall be legible imprinted or stamped with the following information:

"Contact No. 2—Rear fog lights".

(b) When the rear registration plate is illuminated by two independant lamps, one fed from Contact 5 and one fed from Contact 7, they must be so connected that no lamp has a common connection with both Contacts 5 and 7.

3.5 VEREISTES VIR KOPPELINGS EN TREKSTANGE OP SLEEPWAENS MET EEN AS OF ASEENHEID.

3.5.1 *Koppeltoestel.* Alle woonwaens of sleepwaens, uitgesonderd leunwaens, wat 'n bruto voertuigmassa van hoogstens 1 800 kg het en waarvan die trekstang bedoel is om van 'n boltipe koppeltoestel voorsien te wees, moet koppeltoestelle hê wat met 'n standaardbolkoppeling met 'n diameter van 50 mm saambruikbaar is en daarmee verbind kan word.

Opmerking: Die afmetings van 'n standaardbolkoppeling word aangegee in Standaardspesifikasie SABS 194-1971 'Komponente van bolkoppelings vir die sleep van woonwaens en sleepwaens', soos by Goewermentskennisgewing 463 van 9 Julie 1982 gepubliseer.

3.5.2 *Statiese vertikale las op bolkoppelings.* Die fabrikant moet die maksimum en minimum statiese vertikale las in die middel van die bolsok op die koppelkop bepaal, maar dit mag in geen geval meer as 100 kg of minder as 25 kg wees nie. Indien 'n sleepwa deur die fabrikant van 'n stabiliseerder of effenaar voorsien is, moet die uitwerking van so 'n toestel op die maksimum en minimum statiese vertikale las deur die fabrikant vermeld word.

3.5.3 *Hoogte van die bolkoppeltoestel.* Die hoogte van die bolkoppeltoestel wat op 'n sleepwa aangebring is, vertikaal vanaf die grondvlak tot by die middelpunt van die bolsok gemeet met die binnevloer van die sleepwa horisontaal en die sleepwa by sy bruto voertuigmassa, moet minstens 350 mm en hoogstens 420 mm wees.

3.5.4 *Vry artikulasieruimte van sleepwa.* Die bolkoppeltoestel wat op 'n sleepwa aangebring is, moet op so 'n plek en op so 'n wyse op die trekstang aangebring wees dat geen deel van die sleepwa of sy uitrusting in 'n vry artikulasieruimte op die horisontale vlak, soos in Fig. 1 aangetoon, inbeweeg nie.

3.6 VEREISTES VIR DIE STABILITEIT VAN SEKERE SLEEPWA/SLEEPVOERTUIGKOMBINASIES TERWYL DIT BEWEEG. Hierdie vereistes geld slegs t.o.v . sleepwaens met bolkoppelings soos in 3.5 aangegee. Stabiliteit kan vasgestel word deur 'n stabiliteitskontroletoets soos in 3.6.3 uit te voer, of deur berekening, of in die geval van 'n woonwa deur voldoening aan die metrologiese vereistes van 4.1.1 (Totale Hoogte), 4.1.2 (Swaartepunt) en 4.1.3 (Agterste Oorhang) te bewys.

3.6.1 *Sleepwakonfigurasie.* Die vertikale statiese las op die bolkoppeling van die sleepwa moet by die minimum waarde wees wat die fabrikant vermeld (kyk 3.5.2), en die stabiliteit moet in twee belastingstoestande nagegaan word, soos volg:

(a) Met die sleepwa by sy tarra (volledig uitgerus vir gebruik volgens die fabrikant se spesifikasie maar sonder enige nie-permanente uitrusting of voorraad); en

(b) met die sleepwa by sy bruto voertuigmassa en met die las versprei soos die fabrikant aanbeveel.

3.6.2 *Sleepvoertuigkonfigurasie.* Die voertuigmassa van die sleepvoertuig wat vir die stabiliteitskontroletoets gebruik word, moet verteenwoordigend wees van die laagste massa wat die woonwafabrikant aanbeveel, met dien verstande dat die verhouding tussen die toetsmassa van die woonwa en die toetsmassa van die sleepvoertuig minstens 0,8 moet wees. Die verhouding tussen die agterste oorhang van die sleepvoertuig en die asafstand van die sleepvoertuig moet minstens 0,4 wees. Afgesien van die bestuurder, moet die sleepvoertuig wat vir albei woonwabelastingstoetstoestande in 3.6.1 gebruik word, onbelas wees.

3.5 REQUIREMENTS FOR COUPLINGS AND DRAWBARS ON TRAILERS WITH ONE AXLE OR AXLE UNIT.

3.5.1 *Coupling device.* Excluding semi-trailers, all caravans or trailers having a gross vehicle mass not exceeding 1 800 kg and which are intended to be equipped with a ball-type coupling device on the drawbar, shall have coupling devices that are compatible with, and are capable of being fitted to, a standard ball coupling of 50 mm diameter.

Note: The dimensions of a standard ball coupling are given in Standard Specification SABS 194-1971 'Components of ball couplings for the towing of caravans and trailers' as published by Government Notice 463 of 9 July 1982.

3.5.2 *Static vertical loading on ball couplings.* The maximum and minimum static vertical loading at the centre of the ball socket on the coupling head shall be determined by the manufacturer, but in no case shall it exceed 100 kg or be less than 25 kg. When a trailer is fitted with a stabilizer or an equalizer by the manufacturer, the effect of such a device on the maximum and minimum static vertical loadings shall be stated by the manufacturer.

3.5.3 *Height of the ball coupling device.* The height of the ball coupling device fitted to a trailer, measured vertically above the ground to the centre of the ball socket, and with the interior floor of the trailer horizontal and the trailer at its gross vehicle mass, shall be not less than 350 mm and not greater than 420 mm.

3.5.4 *Trailer articulation clearance.* The ball coupling device fitted to a trailer shall be located on the drawbar in such a manner that no portion of the trailer or its equipment shall encroach into an articulation clearance space, superimposed on the horizontal plane, as shown in Fig. 1.

3.6 REQUIREMENTS FOR THE STABILITY OF CERTAIN TRAILER/TOWING-VEHICLE COMBINATIONS WHILST IN MOTION. These requirements are only applicable to trailers with ball couplings as in 3.5. Stability may be determined by conducting a stability check as in 3.6.3. or by calculation, or in the case of a caravan compliance with the metrological requirements of 4.1.1 (Overall Height), 4.1.2 (Centre of Gravity) and 4.1.3 (Rear Overhang).

3.6.1 *Trailer configuration.* The vertical static loading on the ball coupling of the trailer shall be at the minimum value stated by the manufacturer (see 3.5.2) and stability shall be checked for two conditions of loading given as follows:

(a) With the trailer at its tare (fully equipped for service in accordance with the manufacturer's specification but excluding all non-permanent equipment or stores); and

(b) with the trailer at its gross vehicle mass, the load being distributed as recommended by the manufacturer.

3.6.2 *Towing vehicle configuration.* The towing vehicle used for the stability check shall have a vehicle mass representative of the lowest mass recommended by the caravan manufacturer, provided that the ratio between the test mass of the caravan and the test mass of the towing vehicle is at least 0,8. The ratio between the rear overhang of the towing vehicle and the wheelbase of the towing vehicle shall be at last 0,4. The towing vehicle used for both test conditions of caravan loading in 3.6.1 shall be unladen except for the driver.

3.6.3 *Stabiliteitskontroletoets*. Die sleepwa (kyk 3.6.1), in kombinasie met die sleepvoertuig (kyk 3.6.2), moet in droë toestande teen 'n konstante spoed van 100 ± 2 km/h oor 'n teermacadam- of betontoetspad wat wesenlik gelyk is, bestuur word. Tydens die toets mag die windspoed nie 5 km/h in enige rigting oorskry nie.

Noodstoppe moet teen die spoed hierbo uitgevoer word deur van die diensrem gebruik te maak.

Die voertuigkombinasie mag nie onstabiel word nie en moet by die aanslaan van die diensrem in 'n wesenlik reguit baan en onder die bestuurder se beheer bly.

4. VEREISTES IN VERBAND MET METROLOGIESE GEGEWENS.

4.1 SLEEPWA-AFMETINGS. Die afmetings van 'n sleepwa moet aan die toepaslike vereistes van die betrokke Provinsiale Padverkeersordonnansie voldoen, behalwe soos in 4.1.1, 4.1.2 en 4.1.3 bepaal.

4.1.1 *Totale hoogte van 'n woonwa*. Die totale hoogte van 'n woonwa, vertikaal vanaf die grondvlak gemeet, mag nie 1,8 maal die spoorwydte van die woonwa of 3,0 m, watter ook al die kleinste is, oorskry nie.

4.1.2 *Swaartepunt van 'n woonwa*. Die verhouding tussen die horisontale afstande, op die vertikale langsmediaanvlak van die woonwa geprojekteer en in meter vanaf die middelpunt van die koppeltoestelbolsok tot die swaartepunt en tot die hartlyn van die as of aseenheid van 'n woonwa gemeet, mag nie 0,96 oorskry nie [kyk Fig. 2 (a)]. Die verhouding tussen die hoogte van die swaartepunt, vertikaal bo die grondvlak, en die spoorwydte van 'n woonwa, albei in meter gemeet, mag nie 0,725 oorskry nie [kyk Fig. 2 (b)].

4.1.3 *Agterste oorhang van 'n woonwa*. Die verhouding tussen die agterste oorhang van 'n woonwa en die horisontale afstand vanaf die hartlyn van die as of aseenheid tot by die middelpunt van die koppeltoestelbolsok, albei in meter gemeet, mag nie 0,7 oorskry nie (kyk Fig. 3): Met dien verstande dat die agteroorstek nie 50 % van die lengte van die woonwaromp mag oorskry nie.

4.1.4 *Minimum loonvrag van 'n woonwa*. Om te verseker dat daar dravermoë tov losgoedereitems is, moet die loonvrag van 'n woonwa (BVM minus tarra) minstens gelyk wees aan die totale massa van gebruikersgoedere wat die woonwa normaalweg moet dra (beskou as minstens 15 % van die BVM), plus 'n toelating van minstens 15 kg vir VPG-silinders en minstens 30 kg vir 'n koelkas, indien hierdie items nie as standaarduitrusting deur die fabrikant aangebring is nie.

4.2 BESONDERHEDE WAT VERTOON MOET WORD. 'n Sleepwa moet 'n dataplaat of -plate hê wat op blywende wyse op 'n opvallende plek wat van die linkerkant van die sleepwa af sigbaar is, of op die sleepwatrekstang bevestig is. Die volgende besonderhede moet leesbaar en op blywende wyse op die dataplaat(plate) gedruk of gestempel wees:

(a) Die tarra van die sleepwa, in kilogram, voorafgegaan deur die letter "T";

(b) die bruto voertuigmassa van die sleepwa, in kilogram, voorafgegaan deur die letters "BVM/GVM";

(c) die onderstelnommer en jaar van vervaardiging ('n kode vir die jaar van vervaardiging is toelaatbaar);

(d) die fabrikant se modeltipe; en

(e) die fabrikant se volle naam.

3.6.3 *Stability check*. The trailer (see 3.6.1), in combination with the towing vehicle (see 3.6.2), shall be driven at a constant speed of 100 ± 2 km/h on a substantially level tar macadam or concrete test road, under dry conditions. The wind speed during the test shall not exceed 5 km/h in any direction.

From the above speed, emergency stops shall be made using the service brake.

The vehicle combination shall not become unstable and the combination shall, during service brake applications, remain in a substantially straight path under the control of the driver.

4. REQUIREMENTS CONCERNING METROLOGICAL DATA.

4.1 TRAILER DIMENSIONS. The dimensions of a trailer shall comply with the applicable requirements of the relevant Provincial Road Traffic Ordinance, except as provided for in 4.1.1, 4.1.2 and 4.1.3

4.1.1 *Overall height of a caravan*. The overall height of a caravan, when measured vertically above ground level, shall not exceed 1,8 times the track of the caravan or 3,0 m, whichever is the smaller.

4.1.2 *Centre of gravity of a caravan*. The ratio between the horizontal distances, projected on the vertical longitudinal median plane of the caravan, measured in metres, from the centre of the coupling device ball socket to the centre of gravity and to the centre-line of the axle or axle unit of a caravan, shall not exceed 0,96 [see Fig. 2 (a)]. The ratio between the height of the centre of gravity vertically above ground level to the track of a caravan, both measured in metres, shall not exceed 0,725 [see Fig. 2 (b)].

4.1.3 *Rear overhang of a caravan*. The ratio of the rear overhang of a caravan to the horizontal distance of the centre-line of the axle or axle unit behind the centre of the coupling device ball socket, both measured in metres, shall not exceed 0,7 (see Fig. 3): Provided that the rear overhang shall not exceed 50 % of the length of the caravan body.

4.1.4 *Minimum payload of a caravan*. To ensure carrying capacity for items of moveable property the payload of a caravan (GVM minus tare) shall not be less than the total mass of user effects normally expected to be carried by the caravan (taken to be at least 15 % of the GVM), plus allowances of at least 15 kg for LPG cylinders and at least 30 kg for a refrigerator, if such items are not fitted as standard equipment by the manufacturer.

4.2 INFORMATION TO BE DISPLAYED. A trailer shall have, permanently affixed to it in a conspicuous position and visible from the left-hand side of the trailer, or on the trailer drawbar, a data plate or plates. The following information shall be legibly and permanently imprinted or stamped on the data plate(s):

(a) The tare of the trailer, in kilograms, prefixed by the letter "T";

(b) the gross vehicle mass of the trailer, in kilograms, prefixed by the letters "GVM/BVM";

(c) the chassis number and year of manufacture (a code for the year of manufacture is permissible);

(d) the manufacturer's model type; and

(e) the manufacturer's full name.

Die besonderhede wat in (c), (d) en (e) hierbo vereis word, kan aangegee word by wyse van 'n voertuigidentifikasienommer (VIN-kode) wat leesbaar en op blywende wyse op die plaat(plate) of op die sleepwa vertoon word.

4.3 MEETEENHEDE. Alle meters, aanwysers en instrumente wat op 'n sleepwa aangebring is en wat in fisiese eenhede gekalibreer is, moet gekalibreer wees in eenhede soos voorgeskryf deur die geldende toepaslike regulasies wat uitgevaardig is kragtens die Wet op Meeteenhede en Nasionale Meetstandaarde, 1973 (Wet 76 van 1973).

4.4 LASDRAVERMOË VAN WOONWABANDE. Die bande aan elke kant van 'n woonwa moet, volgens die aanslag daarvan, geskik wees om 55 % van die bruto voertuigmassa van die woonwa te dra en die las wat op die bande aan een kant van die woonwa oorgedra word, moet binne ± 5 % wees van die las wat op die teenoorstaande kant oorgedra word: Met dien verstande dat die statiese vertikale las op die bolkoppeling in ooreenstemming met 3.5.2 moet wees.

5. VEREISTES VIR DIE BEHEER VAN OMGEWINGSTEURNIS.

Alle komponente, toebehore en uitrusting wat op 'n sleepwa aangebring is en wat elektromagnetiese energie voortbring en uitstraal, moet aan die geldende toepaslike regulasies in verband met versteuring van die kommunikasies soos uitgevaardig kragtens die Radiowet, 1952 (Wet 3 van 1952), voldoen.

6. VEREISTES VIR WOONWA-UITRUSTING EN -KOMPONENTE.

6.1 BEVESTIGING VAN VLOEIBAREPETROLEUMGASHOUERS. Voorsiening moet gemaak word om te verseker dat 'n VPG-houer of VPG-houers, hetsy dit binne of buite 'n woonwa vervoer word, behoorlik bevestig is ten einde te voorkom dat dit by versnelling of spoedvermindering van minstens 20 m/s^2 (2g) in enige rigting beweeg.

6.2 VOORSIENING VAN BRANDBLUSSERS. 'n Woonwa moet voorsien wees van een of meer draagbare brandblussers wat veilig op 'n maklik toeganklike plek langs die hoofdeur in die woonwa gehou word.

Die inhoudsvermoë van die brandblusser moet minstens 2,3 kg wees indien dit van die droëpoeiertipe is, of minstens 1,0 kg indien dit van gehalogeneerdekookwaterstof-tipe is.

Die brandblusser moet voldoen aan die toepaslike vereistes van Standaardspesifikasie SABS 810–1985 'Draagbare herlaaibare droëpoeier brandblussers' soos by Goewermentskennisgewing R. 2329 van 18 Oktober 1985 gepubliseer, Standaardspesifikasie SABS 1151–1977 'Draagbare brandblussers van die gehalogeneerdekoolwaterstof-tipe', Standaardspesifikasie SABS 1322–1981 'Draagbare nie-hervulbare brandblussers (vir algemene doeleindes)', albei soos by Goewermentskennisgewing 463 van 9 Julie 1982 gepubliseer.

7. VEREISTES VIR SLEEPWAVLOEISTOF

7.1 HIDROULIESE REMVLOEISTOF. Indien die sleepwa van 'n hidrouliese remstelsel voorsien is, moet alle remvloeistof in die hidrouliese remstelsel aan die toepaslike vereistes van die verpligte spesifikasie, soos by Goewermentskennisgewing 128 van 17 Januarie 1975 gepubliseer, voldoen.

The information required under (c), (d) and (e) above may be indicated by means of a vehicle identification number (VIN code) permanently and legibly displayed on the plate(s) or on the trailer.

4.3 MEASURING UNITS. All gauges, indicators and instruments that are fitted to a trailer and that are calibrated in physical units, shall be calibrated in units as prescribed by the current applicable regulations promulgated under the Measuring Units and National Measuring Standards Act, 1973 (Act 76 of 1973).

4.4 LOAD-CARRYING CAPACITY OF CARAVAN TYRES. The tyres on each side of a caravan shall be rated to support 55 % of the gross vehicle mass of the caravan and the load transmitted to the tyres on one side of the caravan shall be within ± 5 % of the load transmitted on the opposite side: Provided that the static vertical load on the ball coupling is in accordance with 3.5.2.

5. REQUIREMENTS FOR THE CONTROL OF ENVIRONMENTAL INTERFERENCE.

All components, accessories and equipment that are fitted to a trailer, and that generate and radiate electromagnetic energy, shall comply with the current applicable regulations relating to interference with communications promulgated under the Radio Act, 1952 (Act 3 of 1952).

6. REQUIREMENTS FOR CARAVAN EQUIPMENT AND COMPONENTS.

6.1 SECURITY OF LIQUID PETROLEUM GAS CONTAINERS. Provision shall be made to ensure that any LPG container or containers, carried inside or outside a caravan, are adequately secured to prevent movement in any direction when subjected to accelerations or decelerations of at least 20 m/s^2 (2g).

6.2 PROVISION OF FIRE EXTINGUISHERS. A caravan shall be provided with one or more portable fire extinguishers securely stowed in a readily accessible position inside the caravan and adjacent to the main door of the caravan.

The capacity of the fire extinguisher shall be at least 2,3 kg if of the dry powder type, or 1,0 kg if of the halogenated hydrocarbon type.

The fire extinguisher shall comply with the relevant requirements given in Standard Specification SABS 810-1985 'Portable, rechargeable dry powder fire extinguishers' as published in Government Notice R. 2329 of 18 October 1985, Standard Specification SABS 1151-1977 'Portable fire extinguishers of the halogenated hydro-carbon type' or Standard Specification SABS 1322-1981 'Portable, non-refillable fire extinguishers (general purpose type)', both as published in Government Gazette Notice 463 of 9 July 1982.

7. REQUIREMENTS FOR TRAILER FLUIDS.

7.1 HYDRAULIC BRAKE FLUIDS. If the trailer is fitted with a hydraulic brake system then any brake fluids contained in the hydraulic brake system shall comply with the relevant requirements of the compulsory specification as published by Government Notice 128 of 17 January 1975.



Fig. 1.—Vry artikulasieruimte van sleepwa.



Fig. 1.—Trailer articulation clearance space.



$$\frac{a}{b} \leq 0{,}96$$

$$a_{maks.} = 0{,}96\ b$$

Fig. 2 (a).—Oorlangse beperkings.



$$\frac{c}{t} \leq 0{,}725$$

$$c_{maks.} = 0{,}725\ t$$

Fig. 2 (b).—Vertikale beperkings.

Fig 2.—Beperkings op swaartepunt van 'n woonwa
(kyk 4.1.2).



$$\frac{a}{b} \leq 0,96$$

$$a_{max.} = 0,96\ b$$

Fig. 2 (a).—Longitudinal limitations.



$$\frac{c}{t} \leq 0,725$$

$$c_{max.} = 0,725\ t$$

Fig. 2 (b).—Vertical limitations.

Fig. 2.—Centre of gravity limitations of a caravan (see 4.1.2).



$$\frac{d}{b} \leq 0,7$$

$$d_{maks.} = 0,7\ b$$

Fig. 3.—Beperkings op die agterste oorhang van 'n woonwa (kyk 4.1.3).



$$\frac{d}{b} \leq 0,7$$

$$d_{max.} = 0,7\ b$$

Fig. 3.—Rear overhang limitations of a caravan (see 4.1.3).

No. 2821 **20 Desember 1985**

WET OP IN- EN UITVOERBEHEER, 1963

Ek, Dawid Jacobus de Villiers, Minister van Handel en Nywerheid, vaardig hierby kragtens artikel 2 van die Wet op In- en Uitvoerbeheer, 1963 (Wet 45 van 1963), die regulasies uit wat in die Bylae hiervan vervat is.

D. J. DE VILLIERS,
Minister van Handel en Nywerheid.

BYLAE

1. Na aanleiding van die Memoranda van Verstandhouding wat op 8 November 1985 deur die Regering van die Republiek van Suid-Afrika en die Regering van die Verenigde State van Amerika (VSA) onderteken en daarna per briefwisseling tussen die onderskeie regerings bevestig is, word met ingang van 30 Desember 1985 beheer op die uitvoer van sommige tekstielprodukte en klerasie na die Verenigde State van Amerika geplaas.

(a) 'n Aanvanklike beheertydperk van 12 maande het op 1 September 1985 in werking getree en die beheermaatreëls sal daarna vir twee opeenvolgende kalenderjare eindigende 31 Augustus 1987 en 31 Augustus 1988 van krag bly.

No. 2821 **20 December 1985**

IMPORT AND EXPORT CONTROL ACT, 1963

I, Dawid Jacobus de Villiers, Minister of Trade and Industry, hereby, in terms of section 2 of the Import and Export Control Act, 1963 (Act 45 of 1963), make the regulations contained in the Schedule hereto.

D. J. DE VILLIERS,
Minister of Trade and Industry.

SCHEDULE

1. In view of the Memoranda of Understanding signed between the Governments of the Republic of South Africa and the United States of America (USA) on 8 November 1985, and subsequently confirmed by an exchange of letters between the respective Governments, the export of certain textile products and clothing to the United States of America is hereby placed under export control with effect from 30 December 1985.

(a) An initial control period of 12 months commenced on 1 September 1985 and the control measures will thereafter remain in force for two consecutive calendar years ending 31 August 1987 and 31 August 1988.

(b) Die tekstielprodukte en klerasie waarop die uitvoerbeheer van toepassing is, word in Bylae A vermeld.

(c) Die uitvoerbeheer sal op die grondslag van die datums van die ladingsbriewe vir die uitvoer van die produkte in Bylae A vermeld, uitgeoefen word.

2. Die volgende uitvoerdokumentasie word vanaf 30 Desember 1985 ten opsigte van elke uitvoerbesending van die produkte wat onder nie meer as een van die tariefitems in Bylae A genoem, ressorteer nie, verlang:

(a) 'n Uitvoerpermit uitgereik deur die Direktoraat Invoer- en Uitvoerbeheer van die Departement van Handel en Nywerheid, Privaatsak X192, Pretoria, 0001, wat die volgende bevat:

— Beskrywing en die Suid-Afrikaanse Doeanetariefitem(s) waaronder die produk(te) volgens Bylae A indeelbaar is.

— Die item(s) van die "Tariff Schedules of the United States Annonated (TSUSA)" waaronder die produk(te) ingevolge Algemene Kennisgewing 824 van 20 Desember indeelbaar is.

— Die massa van produkte wat onder VSA-kategorie No. 604 (RSA-tariefitem ex 56.05) ressorteer waarvoor uitvoervergunning verleen is, in die meeteenhede soos in Algemene Kennisgewing 824 gedateer 20 Desember 1985 uiteengesit.

— In die geval van produkte wat onder die volgende VSA kategorieë indeelbaar is en waarvoor uitvoervergunning verleen is, die getal dosyne:

VSA-kategorie 347/348—RSA-tariefitems ex 60.05.05; ex 42.03.20; ex 61.02.20; ex 61.02.80; ex 60.05.49; ex 61.01.20 en ex 61.01.80

VSA kategorie 335—RSA-tariefitems ex 60.05.05; ex 60.05.47; ex 60.05.49; ex 42.03.20; ex 60.05.55; ex 61.02.20; ex 61.02.30; ex 61.02.60; ex 61.02.70; ex 61.02.80 en ex 61.02.90.

VSA kategorie 433—RSA-tariefitems ex 60.05.49 en ex 61.01.80

(b) 'n Uitvoersertifikaat in vyfvoud [Bylae B (i) en (ii)] wat die volgende besonderhede bevat:

— Suid-Afrikaanse en VSA-doeanetariefitems soos in die geval van die uitvoerpermit asook die hoeveelhede wat uitgevoer word.

— 'n Volledige beskrywing van die produk(te) wat uitgevoer word.

— 'n Stempelafdruk wat voor inklaring by Doeane en Aksyns deur die vervaardigers/agente, verteenwoordigers of klaringsagente verkry moet word van die Kantoor van die Streeksverteenwoordiger (Uitvoerhandelsbevordering) van die Departement van Handel en Nywerheid in Durban, Port Elizabeth of Kaapstad, die Kantoor van die Handelsinspekteur van die Departement van Handel en Nywerheid in Oos-Londen of die Departement van Handel en Nywerheid in Pretoria.

— 'n Stempelafdruk van die Kantoor van die Kommissaris van Doeane en Aksyns met die datum, maand en jaar van klaring vir uitvoer.

3. Bogenoemde uitvoerbeheermaatreëls word ingestel om te verseker dat Suid-Afrika se uitvoere van die produkte in Bylae A genoem nie die beperkings waartoe met die VSA-regering ooreengekom is, oorskry nie.

(b) The textile products and clothing to which the export control applies are detailed in Annexure A.

(c) The export control will be exercised on the basis of the dates of the bills of lading of exports of those products referred to in Annexure A.

2. The following export documents will be required from 30 December 1985 for each consignment of export products that fall into no more than one of the tariff headings mentioned in Annexure A:

(a) An export permit issued by the Directorate of Import and Export Control of the Department of Trade and Industry, Private Bag X192, Pretoria, 0001, containing the following:

— Description and the South African customs tariff heading(s) under which the product(s) is/are classified according to Annexure A.

— The heading(s) in the Tariff Schedules of the United States Annotated (TSUSA) under which the product(s) is/are classified according to General Notice 824, dated 20 December 1985.

— The mass, according to the units of quantity as set out in General Notice 824, dated 20 December 1985, in the case of products falling with USA Category No. 604 (RSA tariff heading ex 56.05) for which export authorisation has been granted.

— The number of dozens in the case of the products falling within the following US categories for which export authorisation has been granted:

USA Category 347/348—RSA tariff headings ex 60.05.05; ex 42.03.20; ex 61.02.20; ex 61.02.80; ex 60.05.49; ex 61.01.20 and ex 61.01.80.

US Category 335—RSA tariff headings ex 60.05.05; ex 60.05.47; ex 60.05.49; ex 42.03.20; ex 60.05.55; ex 61.02.20; ex 61.02.30; ex 61.02.60; ex 61.02.70; ex 61.02.80 and ex 61.02.90

US Category 433—RSA tariff headings ex 60.05.49 and ex 61.01.80.

(b) An export certificate in fivefold [Annexure B (i) and (ii)] containing the following particulars:

